

## INLIGTINGSTEGNOLOGIE (Opdateer Sep 2014)

### INHOUD:

- A. Wyse van Assessering
- B. Vereistes
- C. Interpretasie van Vereistes
- D. Die Moderering van die SGA en PAT

**Bylaag A: Databewuste Komponente – Voorbeeldnasienblad**

**Bylaag B: Prestasie-assesseringstaak – Voorbeeldnasienblad**

**Bylaag C: Vakgroepmodereringskontrolelys**

**Bylaag D: Onderwyser se Punterekord**

**Bylaag E: Opsomming van SGA en PAT-assessering**

**Bylaag F: Verwysings**

**Bylaag G: Inhoud wat gedek moet word**

### OORSIG VAN INLIGTINGSTEGNOLOGIE

Verwys na bladsy 7 van die KABV-dokument vir 'n grafiese voorstelling van die ses hoofonderwerpe van Inligtingstegnologie, naamlik:

1. Stelseltegnologieë (bladsy 14)
2. Internet- & Kommunikasietegnologieë (bladsy 13)
3. Sosiale Implikasies (bladsy 17)
4. Data- en Inligtingsbestuur, oplossingontwikkeling (bladsy 11, 16)
6. (bladsy 11)

'n Kort opsomming van elke onderwerp word op bladsy 8 van die KABV gegee met gedetailleerde beskrywings vir elke onderwerp langs elke gestipte punt hierbo.

#### A. WYSE VAN ASSESSERING

Vraestel 1 (Teorie)	3 uur	180 punte verminder tot 100	
Vraestel 2 (Prakties)	3 uur	120 punte verminder tot 100	(200)
Prestasie-assesseringstaak	PAT		(100)
Skoolgebaseerde Assessering	SGA		(100)
<b>TOTAAL</b>			<b>(400)</b>

**B. VEREISTES****INLIGTINGSTEGNOLOGIE VRAESTEL I (TEORIE)**

Die teorie-eksamen sal vrae oor die volgende afdelings dek:

1. Stelseltegnologieë
2. Internet- & Kommunikasietegnologieë
3. Sosiale Implikasies
4. Data- en Inligtingsbestuur & oplossingontwikkeling

**Gewig van Afdelings**

1. Stelseltegnologieë en Terminologie	45 punte
2. Kommunikasietegnologieë	55 punte
3. Sosiale Implikasies	20 punte
4. Data- en Inligtingsbestuur & oplossingontwikkeling	60 punte
<b>TOTAAL</b>	<b>180 punte verminder tot 100 punte</b>

**INLIGTINGSTEGNOLOGIE VRAESTEL II (PRAKTIES)**

Oplossingontwikkeling, Data- en Inligtingsbestuur

Die Praktiese Eksamen sal vrae oor databasisse (SQL), algoritmes en objekgeoriënteerde programmering (OGP) dek. Die kandidaat mag 'n teksgebaseerde koppelvlak of 'n Grafiese Gebruikerskoppelvlak (GUI) in die praktiese eksamen gebruik. Databasisse sal geassesseer word óf deur 'n toepassingsprogram te gebruik óf via SQL-stellings deur 'n programmeertaal te gebruik.

**Gewig van Afdelings**

4. Data- en Inligtingsbestuur en oplossingontwikkeling	
<b>TOTAAL</b>	<b>120 punte verminder tot 100 punte</b>

**PRESTASIE-ASSESSERINGSTAAK (PAT)**

Die PAT moet in die loop van die grootste deel van die Graad 12-jaar voltooi word en moet formatief geassesseer word sodat die kandidate die geleentheid het om hul beste werk in te dien.

Inhoud wat gedek moet word: Programmeringsprojek

100 punte

<b>Gewig van Afdelings</b>	
4. Data- en Inligtingsbestuur en oplossingontwikkeling	100 punte
<b>TOTAAL</b>	<b>100 punte</b>

**SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA)**

Hierdie Vakassesseringsriglyne moet saam met die IEB-handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering (SGA) 2012 gelees word.

Alle skole moet die SGA-bewyse van alle leerders beskikbaar stel indien dit deur die IEB of Umalusi verlang word.

Die SGA maak 25% van die totale assessering vir die Nasionale Senior Sertifikaat uit. Die vereistes vir die Skoolgebaseerde Assesseringskomponent word in die volgende tabel uiteengesit:

<b>SGA-KOMPONENTE</b>	
SQL-toets (4)	10%
Normaliseringstoets (4)	10%
OGP-toets (4)	10%
Teorietoets (1, 2 en 3)	15%
Databewuste Komponente (4)	15%
Voorlopige Eksamen (1, 2, 3 en 4)	40%
<b>TOTAAL</b>	<b>100%</b>

**OPSOMMING VAN PUNTEVERDELINGS**  
**(Hierdie punte is benaderd en dien as 'n riglyn)**

	1	2	3	4	TOTAAL
Vraestel II				<i>120 punte verminder tot 100 punte</i>	100
Vraestel I	<i>45 punte aangepas tot 25 punte</i>	<i>55 punte aangepas tot 40 punte</i>	<i>20 punte aangepas tot 15 punte</i>	<i>60 punte aangepas tot 20 punte</i>	100
PAT				100 punte	100
SGA	15 punte	20 punte	5 punte	60 punte	100
<b>Totaal</b>	<b>40 punte</b>	<b>60 punte</b>	<b>20 punte</b>	<b>280 punte</b>	<b>400</b>
Gewig	10%	15%	5%	70%	100%

**Taksonomie vir Inligtingstechnologie: Praktiese Assessering**

Vlak	Gewig	Beskrywing	Voorbeelde
1	30%	Roetine-prosedures Sintaksis	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verklaring van veranderlikes</li> <li>• Toewysing van veranderlikes</li> <li>• Gebruik van konstantes</li> <li>• Operatore binne berekeninge</li> <li>• Invoer van bykomende funksionaliteit</li> <li>• Verklaring van klasse soos gepor deur 'n vraag</li> <li>• Verklaring van getipeerde en niegetipeerde metodes (funksies en prosedures) onder leiding</li> <li>• Eenvoudige T/A</li> <li>• Eenvoudige Seleksie en Iterasie (niegenes)</li> <li>• Skikkingverklaring en -gebruik (eendimensioneel)</li> <li>• Wiskundige funksies (afronding, vierkantswortel, ens.)</li> <li>• Tipeomskakelings</li> <li>• Boole-operasies (EN, OF, NIE)</li> <li>• Eenvoudige niegeneste beheerstrukture (<i>if, switch, for, do ... while, while</i>)</li> <li>• SQL: enkeltabel, navraag met gespesifiseerde velde en óf 'n enkele beperking (geen Boole-operatore) óf sortering</li> </ul>

Vlak	Gewig	Beskrywing	Voorbeelde
2	40%	Meerstap-prosedures	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toepassing van geneste lusse en <i>if</i>-stellings in geleerde algoritmes</li> <li>• Stringfunksies (lengte, ekstrahering, soek binne)</li> <li>• Verklaring en instansiëring van objekte</li> <li>• OGP-modellering onder leiding: metode-verklarings (eenvoudige toegang-, mutator-metodes), paar parameters en terugsendings</li> <li>• Geleerde (generiese) algoritmes toegepas op eenvoudige situasies</li> <li>• Komplekse take deur veelvuldige 'eenvoudige toepassing'-tipe vaardighede (bv. string-manipulasie en sortering, of veelvuldige elemente van stringmanipulasie) te gebruik</li> <li>• Aanpassing van geleerde algoritmes by nuwe scenario's (spesifieke algoritmes)</li> <li>• SQL: Eenvoudige navrae op gekoppelde tabelle (deur WHERE te gebruik)</li> <li>• SQL: Gebruik van saamgevoegde funksies</li> <li>• SQL: Gebruik van funksies in SQL</li> <li>• SQL: Stellings deur twee gekoppelde tabelle, SQL-funksies, meer as twee logiese operatore te gebruik</li> </ul>
3	30%	Probleem-oplossing	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Onbekende/onvoorbereide probleme wat van leerders verwag om geleerde algoritmes weselik aan te pas of om 'n unieke oplossing vir 'n probleem te skep</li> <li>• OGP-modellering uit probleemdefinisie, onbegelei</li> <li>• Probleme wat fokus op doeltreffendheid en elegante kode (bv. 'punte sal toegeken word vir doeltreffende oplossings')</li> <li>• SQL: stellings wat meer as twee gekoppelde tabelle, SQL-funksies, veelvuldige logiese operatore, groepering (met of sonder GROUP) behels</li> </ul>

**Taksonomie vir Inligtingstechnologie: Teorie-assessering**

<b>Vlak</b>	<b>Gewig</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Voorbeelde</b>
1	30%	Kennis Begrip	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vrae waar die leerder kennis uit die IT-syllabus vir Graad 10, 11 en 12 moet herroep: herroep, definieer, verduidelik, identifiseer, beskryf, verbind kolomme, benoem</li> </ul>
2	40%	Toepassing en Ontleding	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vergelyk twee oplossings en doen 'n aanbeveling (eenvoudige scenario)</li> <li>• Vrae waar die leerder 'n scenario ontleed en gemotiveerde voorstelle maak</li> <li>• Stel 'n netwerkargitektuur voor as die vereistes van gebruikers gegee word</li> <li>• Vrae waar die leerder bestaande kennis op 'n gegewe scenario moet toepas</li> <li>• Noem hardware- en sagtewarespesifikasies as 'n gebruiker se vereistes gegee word</li> </ul>
3	30%	Sintese Evaluering Kreatiwiteit Probleem- oplossing	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontleed 'n algoritme en stel verbeteringe voor</li> <li>• Ontleed of vergelyk datastrukture</li> <li>• Vergelyk twee oplossings en doen 'n aanbeveling (scenario wat aansienlike diepgaande denke verg)</li> <li>• Vrae waar die leerder moet evalueer of 'n oordeel vel op grond van gegewe kriteria of inhoud</li> <li>• Ontleed die gegewe inligting en gee 'n mening wat met die korrekte feite gemotiveer word</li> <li>• Skep VML modelle/klasse vanuit 'n gegewe scenario</li> </ul>

## C. INTERPRETASIE VAN VEREISTES

### BESONDERHEDE VAN VRAESTEL I – TEORIE-EKSAMEN

Die besonderhede vir die inhoud wat gedek moet word, word aangetref in Bylaag G van hierdie dokument.

### BESONDERHEDE VAN VRAESTEL II – PRAKTIESE EKSAMEN

In die drie uur van die eksamen sal kandidate oplossings moet ontwikkel vir een of meer onverwante probleme wat elkeen meer as een afdeling kan hê. Die praktiese eksamen sal slegs databasisse (SQL), algoritmes, datastrukture en Objekgeoriënteerde Programmering-konsepte eksamineer.

Die kandidate sal geëksamineer word ten opsigte van die vaardighede en inhoud soos beskryf in die KABV-dokument.

#### Eksamentyd

Bykomende tyd vir drukwerk word toegelaat benewens die drie uur om oplossings te ontwikkel. Indien omstandighede dit toelaat, moet die kandidate hul eie werk druk na afloop van die drie-uur-eksamen, andersins is dit die onderwyser se verantwoordelikheid om te verseker dat alle verlangde werk gedruk word sonder dat enige veranderinge plaasvind.

#### Data-CD's wat deur die IEB verskaf word

Die Inligtingstegnologie-onderwyser moet die data op die CD wat deur die IEB aan skole verskaf word, die dag VOOR die eksamen plaasvind, kontroleer. Die Inligtingstegnologie-onderwyser moet seker maak dat die CD virusvry is en deur die toepaslike sagteware toeganklik is en gelees kan word. Die Inligtingstegnologie-onderwyser moet ook reëlings tref om die data beskikbaar te maak aan die kandidate wat die eksamen aflê soos uiteengesit in die eksameninstruksies wat die vraestelle vergesel. Hierdie instruksies word in 'n afsonderlike koevert afgelewer en moet twee dae voor die eksamen oopgemaak word.

#### Prosedures vir die nasien van die Graad 12 Inligtingstegnologie praktiese eksamen

- Die IEB sal tussentydse nasienriglyne en 'n tussentydse nasienskema saam met die praktiese eksamenvraestelle aan die Inligtingstegnologie-onderwysers stuur.
- Inligtingstegnologie-onderwysers moet die nasienriglyne en die nasienskema gebruik om 'n seleksie van hul leerders se skrifte (nie meer as vyf nie) binne twee dae na die eksamen na te sien.
- Gedurende 'n tydperk van twee tot vyf dae na die eksamen moet al die vakgroepe in hul streek onder die voorsitterskap van hul vakgroepleier vergader. Die vakgroepe wat in dieselfde streek as die eksaminator is, hoef nie op hierdie stadium te vergader nie. Die doel van hierdie vergaderings is om potensiele probleme te bespreek en kwessies op te klaar met betrekking tot die nasien van die praktiese eksamens. Die konsensusaanbevelings vir die nasien van die praktiese eksamens wat op hierdie vergaderings bereik word, tesame met die vakgroepleier se naam en vakgroep, moet aan <iebcompza@yahoogroups.com> en die Asseseringspesialis by die IEB gestuur word.
- Sewe dae na die eksamen sal die praktiese eksaminator 'n vergadering met onderwysers van die vakgroepe in die eksaminator se streek hou. Die nasien van die praktiese vraestel sal by die vergadering gestandaardiseer word met die eksaminator

wat die inset van die vakgroepe en die inset van die onderwysers wat by die vergadering teenwoordig is, gebruik.

- Die nasienriglyne en die nasienskema sal na die vergadering deur die eksaminator aangepas, na <iebcompza@yahoo.com> gestuur en op die IEB-webwerf gepubliseer word.
- Onderwysers moet hul kandidate se praktiese eksamenskrifte nasien deur die hersiene nasienriglyne en hersiene nasienskema te gebruik.
- Een van die take van die modereringskomitee sal wees om die nasien van die praktiese eksamens aan die hand van die hersiene nasienriglyne te monitor.

### **Indiening van die praktiese eksamen vir moderering**

Die nagesiene praktiese eksamenskrifte vir alle kandidate moet teen 15 November by die IEB ingedien word. Onderwysers moet alle skrifte in **een koevert** indien wat met die volgende inligting gemerk is:

- Die duidelik geskrewe opskrif ‘Praktiese Eksamenskrifte: Inligtingstegnologie’
- Die sentrumnommer van die skool

Die koevert moet die volgende bevat:

1. ALLE nagesiene praktiese eksamenskrifte van alle kandidate wat vir IT geregistreer is. Die onderwysers moet ook hul redes vir die aftrekking van punte op die nasienblaaie duidelik maak om moderering te fasiliteer.
2. ’n Enkele CD (gemerk ‘Eksamens’ met die sentrumnommer) wat elke kandidaat se werk bevat in ’n afsonderlike gids met die eksamennommer as die naam van die gids.
3. ’n Afskrif van die hersiene nasienriglyne en nasienskema wat die onderwyser gebruik het (met enige gemotiveerde veranderinge of aantekeninge).

### **GEDETAILLEERDE VEREISTES VIR SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA) EN DIE PRESTASIE-ASSESSERINGSTAAK (PAT)**

Die SGA en die PAT sal ekstern gemodereer word en elke kandidaat moet al die assesserings in Oktober van hul Graad 12-jaar indien. Hulle moet teen die einde van hul Graad 11-jaar oor hierdie vereistes ingelig word en voorsien word van gedetailleerde taakbeskrywings en die kriteria ten opsigte waarvan hulle geassesseer sal word.

#### **Bykomende inligting**

Onderwysers word sterk aangeraai om by iebcompza@yahoo.com aan te sluit en hul vrae na hierdie adres te e-pos. Die prosedure om ’n lid van hierdie groep te word, is beskikbaar by die IEB se Assesseringsspesialis verantwoordelik vir Inligtingstegnologie.

#### **Nasienblaaie**

Aan die einde van hierdie dokument is daar voorbeeldnasienblaaie vir die Databewuste Komponente-taak en die Prestasie-assesseringstaak (PAT). Onderwysers kan hierdie nasienblaaie aanpas, maar die puntetoekennings moet soortgelyk bly.



## Formatiewe Assessering

Alle informele take in die SGA en die PAT moet formatief geassesseer word. Wanneer onderwysers 'n taak hersien, moet hulle na die kandidaat luister en advies gee. Hulle moet versigtig wees om nie vir die kandidaat die oplossing te gee nie. Hulle moet alternatiewe hulpbronne voorstel en verduidelikings bevraagteken. Hierdie formatiewe assessering het ten doel om die kandidaat te help leer. Dit skep ook die geleentheid vir die onderwyser om vordering te monitor, bykomende insette te lewer en te help waak teen plagiaat. 'n Taak wat swak bestuur word deur die onderwyser, kan tot substandaardwerk deur die kandidaat lei.

Die programmeringsprojek moet die Stelselontwikkelinglewensiklus (SOLS) volg. Dit gee die kandidaat 'n gestruktureerde manier om groot projekte te benader en die dokumentasie verskaf bewys van die kandidaat se proses om die produk te ontwikkel. Maak seker dat alle beplanning, ontwerpe en algoritmes voor werklike kodering en implementering gedoen word. (<<http://courses.cs.vt.edu/csonline/SE/Lessons/Waterfall/index.html>>)

Die Programmeringsprojek moet oor 'n aantal maande voltooi word en moet goed gemonitor word om plagiaat te voorkom.

## Taakbeskrywings

Die take moet gedetailleerd wees en die beginsels van assessering volg. Die take moet beskrywend wees, formatiewe assessering moontlik maak en besonderhede van sperdatums en hoe die taak gestruktureer moet word, verskaf. Die taak moet vir die kandidate al die nodige inligting gee om hulle te help om hul taak te produseer. Die taak en die rubriek moet op vakgroeplak gemodereer word deur die beginsels van assessering te gebruik.

## Nasienwerk en Moderering

Die inhoud van die SGA en PAT sal intern nagesien en gemodereer word volgens die IEB se modereringsproses. Verwys na afdeling D van hierdie dokument vir verdere besonderhede in hierdie verband.

## SKOOLGEBASEERDE ASSESSERING (SGA)

Die vereistes vir SGA is soos volg:

- SQL-toets (4)
- Normaliseringstoets (4)
- Databewuste Komponente-taak (4)
- OGP-toets (4)
- Teorietoets (1, 2 OF 3)
- Voorlopige Eksamen (1, 2, 3, en 4)

Die Normaliseringstoets, Teorietoets, SQL-toets en OGP-toets moet opgestel word om die Assesseringstandaarde te dek soos beskryf in die VAR vir Graad 12. Die voorlopige eksamen moet opgestel word met dieselfde gewigte as dié wat vir die November praktiese en teorie-eksamen beskryf word. Hierdie eksamens moet op verskillende kognitiewe vlakke opgestel word.

## SQL-TOETS

Hierdie toets moet ongeveer 45 minute neem en moet 'n paar gevorderde SQL-stellings wat meer as een tabel gebruik, JOIN's en saamgevoegde funksies insluit. 60% van die vraestel moet eenvoudige SQL-stellings op grond van een tabel insluit.

## NORMALISERINGSTOETS

Hierdie vraestel kan as 'n teorie- of praktiese vraestel geskryf word, maar geen programmering word toegelaat nie. Hierdie toets moet normalisering van 'n enkele groot tabel tot meer as een tabel behels. Moenie verder as 3NV (Derde Normaalvorm) gaan nie. Sluit definisies van die tipes normaalvorme, afgeleide data, sleutels, teenstrydighede, herhalende groepe en ander normaliseringsterme in. Kandidate moet hierdie definisies op die gegewe tabel(le) kan toepas.

## OGP-TOETS

Hierdie toets moet as 'n teoretiese toets in die klas geskryf word en moet ongeveer 40 – 60 minute lank wees. Die inhoud kan wissel, maar daar word aanbeveel dat die volgende getoets word:

- Velde en metodes van 'n objek
- Konstruktør-, toegang- en mutator-metodes
- naString-metode
- OGP-terminologie soos inligtingsenkapsulering, oorerwing (nie vir 2014 nie), polimorfisme (nie vir 2014 nie), oorheersing (nie vir 2014 nie), oorlading
- 'n Toepassingsklas om die objekdefinisieklas te gebruik
- Metodes of algoritmes binne die toepassings- of objekklas
- Getipeerde en leë metodes
- Tipes sekondêre berging vir data soos 'n databasis of teksleër en verwante kode/ algoritmes om data te stoor en te herwin
- Vergelyking/ontleding/toepassing van verskillende tipes databerging
- Datastrukture soos skikkings, parallelle skikkings en skikkings van 'n objek
- Vergelyking/ontleding/toepassing van verskillende tipes datastrukture

## TEORIETOETS

Hierdie toets moet ongeveer 40 – 60 minute lank wees en moet 'n verskeidenheid vrae bevat wat inhoud uit afdeling 1, 2 OF 3 dek. 'n Reeks kognitiewe vaardighede moet geassesseer word soos uiteengesit in die taksonomie vir Teorie-assessering. Dit is nie raadsaam om 'n volskaalse eksamen vir hierdie toets te gebruik nie, aangesien dit die kandidate penaliseer.

## **DATABEWUSTE KOMPONENTE-TAAK**

Die doel van hierdie taak is om leerders vertrouwd te maak met die konsep van databewuste komponente wat betref die velde en tabelle van 'n genormaliseerde databasis. Aangesien Databewuste Komponente nie in die Praktiese Eksamen geëksamineer sal word nie, sal hierdie taak dien om leerders toe te rus met ervaring van die ontwikkeling van databewuste komponente in hul gebruikerskoppelvlakke.

Leerders moet hul eie onderwerp vir hul taak verskaf wat vir elke leerder en vir elke jaar moet verskil.

Die leerder moet 'n databasis definieer met 'n **minimum** van twee tabelle wat 'n een-tot-baie-verwantskap tussen die tabelle het. Die databasis moet genormaliseer word om primêre en vreemde sleutels in te sluit. Die leerder moet 'n programmeringsprojek met minstens vier Grafiese Gebruikerskoppelvlak-skerm skep. Een skerm moet die hele tabel in die databasis vertoon. Die tweede moet 'n enkele rekord van 'n tabel in afsonderlike velde vertoon. Hierdie velde moet databewus wees met komponente wat die bywerking van die velde aktief sal manipuleer deur die data wat in die velde van die databasis gestoor is, te gebruik. Hierdie skerm moet komponente hê om:

- na die eerste rekord te gaan
- na die volgende rekord te gaan
- na die vorige rekord te gaan
- na die laaste rekord te gaan
- 'n rekord in te voeg
- 'n rekord te skrap
- na 'n rekord te soek en 'n rekord by te werk
- redigeer 'n rekord

Wanneer die gebruiker op enige van hierdie komponente klik, moet die velde dienooreenkomstig reageer.

Vir elke tabel in die databasis moet bogenoemde twee skerms daar wees (een om die hele tabel te vertoon en een om rekord vir rekord van dieselfde tabel te vertoon). Indien die leerder twee tabelle in die databasis het, moet daar dan vier skerms wees.

## **PRESTASIE-ASSESSERINGSTAAK**

### **Programmeringsprojek**

Die programmeringsprojek verteenwoordig die ontwikkelingsiklus van 'n produk. Die doel is om vir die leerder 'n betekenisvolle ervaring van 'n groter projek en ontwikkelingsiklus te gee as wat gewoonlik in 'n klaskamersituasie moontlik is.

### **Omvang**

Hierdie projek moet meer kompleks wees en meer kenmerke as dié in 'n praktiese eksamenvraestel insluit. Dit moenie iets wees wat die leerders binne 'n week kan produseer nie. Ontoepaslike voorbeelde kan 'n sakrekenaar of 'n valuta-omskakelaar insluit.

## Onderwerp en Inhoud

Die program moet geskryf word in een van die programmeertale wat deur die IEB goedgekeur is. (Sien die betrokke IEB-omsendbriewe met betrekking tot die tale wat tans deur die IEB goedgekeur is vir gebruik in praktiese werk en hierdie programmeringsprojek.)

Die program moet aan die volgende kriteria voldoen:

- **Gebruikersvriendelik** –
  - **Koppelvlak** – die koppelvlak moet gebruikersvriendelik wees (verkieslik ’n GUI), maklik om te gebruik en toepaslik vir die taak. As die program nie ’n GUI gebruik nie, moet daar ’n baie goeie, taaktoepaslike rede hiervoor wees (wat toereikend in die ontwerpdocument verduidelik word). Indien ’n bevelreëlprogram beoog word, moet die ‘enjin’ óf deur ’n bevelreël óf deur ’n GUI toeganklik wees. Kortweg is daar feitlik GEEN toepassingsontwerp wat nie ’n GUI-element moet insluit nie.
  - **Datavloei/programwerking** – die leerder moet verseker dat die reeks stappe wat nodig is om die program te gebruik en ’n taak te voltooi, duidelik, maklik om te volg en logies is.
- **Berging/Datahandhawing** – data moet van sessie tot sessie gestoor en herwin word (dit kan in die vorm van konvensionele lêers OF ’n databasis OF albei wees). Databasiswerk moet aangemoedig word, asook die gebruik van SQL. Die berging is toepaslik vir die program (’n speletjie moet die speletjie kan stoor en laai en hoë tellings kan hou, ens.).
- **Skeiding van koppelvlak en enjin** – die ‘bedryfskode’ **moenie in die koppelvlak ingebed wees nie** (dit wil sê, dit moet in afsonderlike klasse/eenhede wees). Kommunikasie tussen die koppelvlak en die bedryfskode is in die vorm van parameters en getipeerde metodes (funksies). ’n Beperkte hoeveelheid kode in die koppelvlak is aanvaarbaar slegs indien dit toepaslik geregverdig word tydens die beplanning. Dit is in wese ’n ontwerp patroon genaamd *Model View Controller*.
- **Goeie interne datastrukture** – daar moet ’n vorm van interne verteenwoordiging van data wees (dit wil sê klasse/rekords/skikkings – of enige kombinasie hiervan). Datastrukture moet logies en taaktoepaslik wees. Klasse moet aangemoedig word.

Verwys na die KABV-dokument vir ’n beskrywing van die programmeringsvaardighede wat vir die praktiese eksamen nodig is. Dit dien as gids vir die **minimum** vlak van programmeringsvaardigheid wat in die programmeringsprojek gedemonstreer moet word.

**Om billik te wees teenoor die leerder en om 'n goeie produk aan die einde van die projek te verseker, moet dit in vyf fases voltooi (en geassesseer) word.**

Fase		Beskrywing	Punte
Wat deur die kandidaat ingedien moet word:	Projekspesifikasies	Noem (en beskryf) die funksies wat jou program moet verrig om 'n 'sukses' te wees.	14
	Ontwerpdokument	Ontwerp die gebruikerskoppelvlak, volgorde (datavloei), klas en volgehoue berging van die program in detail.	31
	Kodering en Tegniese Dokument	Skryf die program deur goeie programmerings-tegnieke te volg en dokumenteer dit deur die kode te druk en kritieke algoritmes te verduidelik.	50
	Toetsingsdokument	Dokumenteer wat getoets moet word, die toets-data wat gebruik word en die resultate van die toetsing.	5

Om die kandidate 'n vertrekpunt te gee, **kan onderwysers uitlegpatrone voorsien (op vakgroep-/streek-/nasionale vlak verskaf)** wat die tipe inhoud toon wat in die *Projekspesifikasies*, *Ontwerp-*, *Tegniese* en *Toetsings*dokument verlang word. Moedig hulle **sterk** aan om hierdie uitlegpatrone te gebruik, aangesien dit hul werklading drasties sal verminder, die PAT sal standaardiseer en nasienwerk/moderering grootliks sal vereenvoudig.

#### *Nasienblad*

Sien Bylaag B op bladsy 17 vir 'n voorbeeld.

#### D. DIE MODERERING VAN DIE SGA EN PAT

Die IEB-handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering vir die Senior Sertifikaat-eksamen beskryf generiese prosedures. Die vakspesifieke vereistes en prosedures wat in hierdie handleiding beskryf word, verskaf die bykomende vakspesifieke detail wat verder strek as dié in die generiese handleiding.

#### INDIENING VAN SGA EN PAT'S

##### Streekmoderering

'n Streekmoderator sal aan skole toegewys word. Streekmoderering van portefeuljes sal tussen 15 September en 15 Oktober plaasvind. Streekmoderators sal met hul skole onderhandel oor hoe en wanneer die moderering sal plaasvind en sal 'n ewekansige steekproef van portefeuljes kies om te modereer.

Waar portefeuljes aan die verlangde standaard voldoen, sal dit dalk nie nodig wees om hulle vir nasionale moderering te stuur nie. Beide nienakomende en modelportefeuljes kan egter vir verdere moderering deur die nasionale paneel aangevra word.

Vir vakgroepe waar geen streekmoderator toegewys is nie, sal portefeuljes outomaties op nasionale vlak gemodereer word.

### Nasionale Moderering

Nagesiende SGA en PAT's moet teen 31 Oktober by die IEB ingedien word. Onderwysers moet die volgende insluit:

- Die relevante dokumentasie (sien die IEB-handleiding vir die Moderering van Skoolgebaseerde Assessering vir die Senior Sertifikaat-eksamen wat per omsendbrief versprei is)
- Die lys, deur die IEB voorsien, van kandidate wat vir steekproefmoderering geïdentifiseer is
- Hul redes vir die aftrekking van punte om moderering te fasiliteer – dit moet op die nasienblaaie gedoen word
- 'n Onderwyserportefeulje tesame met bewys van moderering van take en rubrieke
- SGA van die kandidate wat vir steekproefmoderering geïdentifiseer is en enige bykomende SGA wat u wil stuur indien die steekproef nie 'n goeie verteenwoordiging van die groep is nie
- Die PAT's van al die leerders
- 'n CD\* (gemerk 'SGA en PAT' met die sentrumnommer) vir alle kandidate wat vir steekproefmoderering geïdentifiseer is. Elke kandidaat se werk moet in 'n afsonderlike gids wees. Die kandidaat se eksamennummer moet as die naam van die gids gebruik word. Die modereringskomitee modereer 'n kleiner steekproef van die werk wat deur kandidate geproduseer is aan die hand van spesifieke kriteria en moet 'n verslag indien wat aan skole teruggestuur word.

Die modereringskomitee gebruik die voltooide vorms wat na vakgroepmoderering ingedien is om hul werk te rig en hierdie komitee het die gesag om gemotiveerde aanbevelings te doen vir die verandering van punte indien hulle dit nodig ag.

1. BYLAAG A

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**INLIGTINGSTEGNOLOGIE**

**DATABEWUSTE KOMPONENTE-NASIENBLAD**

Die doel van hierdie taak is dat kandidate hul vermoë demonstreer om 'n GUI te skep met komponente wat aan die velde in 'n databasis gebonde is.

<b>Kriteria</b>	<b>Beskrywing</b>	<b>Moontlike Punt</b>	<b>Werklike Punt</b>
<b>Normalisering</b> Die kandidaat het suksesvol 'n databasis ontwerp met twee tabelle wat deur 'n een-tot-baie-verwantskap verbind is	0 – Ontwerp is nie genormaliseer nie 1 – Ontwerp het twee tabelle met geen verwantskap of primêre sleutels nie 2 – Ontwerp het twee tabelle met primêre sleutels, maar nie verbind nie 3 – Ontwerp het twee tabelle verbind met 'n ontoepaslike primêre EN vreemde sleutel 4 – Ontwerp het twee tabelle verbind met 'n ontoepaslike primêre OF vreemde sleutel 5 – Ontwerp het twee tabelle verbind met 'n toepaslike primêre EN vreemde sleutel	<b>5</b>	
<b>Skep Stelling vir Tabel 1</b> Noem die SQL-stelling vir die eerste tabel met inbegrip van die primêre sleutel.	0 – Foutiewe of geen SQL-stelling 4 – SQL-stelling is korrek met primêre sleutel gedefinieer <u>Aftrakkings tot 'n maksimum van 4</u> (–1 vir elke fout in die verklaring van tabel en velde) (–2 indien geen primêre sleutel nie)	<b>4</b>	
<b>Skep Stelling vir Tabel 2</b> Noem die SQL-stelling vir die eerste tabel met inbegrip van die primêre sleutel en vreemde sleutel	0 – Foutiewe of geen SQL-stelling 4 – SQL-stelling is korrek met primêre sleutel gedefinieer <u>Aftrakkings tot 'n maksimum van 6</u> (–1 vir elke fout in die verklaring van tabel en velde) (–2 indien geen primêre sleutel nie) (–2 indien geen vreemde sleutel nie)	<b>6</b>	
<b>Verskeidenheid van Tipes Gebruik</b> In die tabelle is daar minstens een string (teks), heelgetal-, reële, Boole- en datum/tyd-veld.	<u>Aftrakkings tot 'n maksimum van 5</u> (–1 vir elke tipe ontbrekende veld)	<b>5</b>	
<b>Programmeringsprojek-GUI</b> Elke tabel word as twee GUI's getoon – een GUI om die hele tabel te vertoon en een GUI om die tabel rekord vir rekord te vertoon om 'n minimum van 4 skerms te lewer.	4 – een punt vir elke GUI (–1 vir elke ontbrekende tabel)	<b>4</b>	
<b>Benoemingskonvensies</b> Etiket, knoppies, tabelle, velde almal korrek benoem volgens konvensie.	<u>Aftrakkings tot 'n maksimum van 2</u> (–1 vir elke verkeerd benoemde veld)	<b>2</b>	
<b>Skermontwerp van die GUI</b> Elke skerm is duidelik uitgelê met konsekwente fonte, kleure, grootte van fonte en knoppies. Velde in lyn en duidelik benoem.	<u>Aftrakkings tot 'n maksimum van 8</u> (–1 punt vir elke uitlegfout) Penaliseer slegs een keer vir elke tipe fout.	<b>8</b>	
<b>Knoppies verbind met Komponente</b> Die volgende knoppies werk die rekords by in albei die rekord-vir-rekord-skerms van die tabelle: Eerste; Vorige; Volgende; Laaste; Voeg in; Redigeer; Skrap en Soek	Vir elke knoppie: 2 punte indien die knoppie suksesvol bywerk; 0 indien nie.	<b>16</b>	
<b>TOTAAL</b>		<b>50</b>	

## 2. BYLAAG B



**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**  
**INLIGTINGSTEGNOLOGIE**  
**PRESTASIE-ASSESSERINGSTAAK – VOORBEELDNASIENBLAD**

<b>Projekspesifikasies</b>			
<b>INHOUD</b>			
<b>Opsomming</b>			<b>2 PUNTE</b>
0 – Geen opsomming nie of heeltemal ontoereikend	1 – Opsomming gedeeltelik gedoen	2 – Opsomming omvat alle aspekte van die probleem	
<b>Spesifikasies van programfunksie</b>			<b>3 PUNTE</b>
0 – Geen funksies gelys nie	1 – Funksielys is 'n enkelreëlstelling/'n lys van vier of minder punte	2 – Funksielys is 'n aansienlike lys van toepaslike uitkomste	3 – Funksielys is volledig en gedetailleerd
<b>Spesifikasies van gebruikerskoppelvlak</b>			<b>2 PUNTE</b>
0 – Gebruikerskoppelvlak nie gespesifiseer nie of verkeerd gespesifiseer	1 – Een of twee items word ontoereikend gespesifiseer	2 – Gebruikerskoppelvlak volledig gespesifiseer	
<b>Spesifikasie van hulp</b>			<b>2 PUNTE</b>
0 – Hulp nie bespreek nie	1 – Hulp gedeeltelik bespreek met weglatings en/of foute	2 – Hulp heeltemal gedetailleerd, met inbegrip van kieslysopsies en tipes hulp beskikbaar. . Context provided for each help screen as well as storage of help related data has been specified	
<b>Spesifikasies van databerging</b>			<b>3 PUNTE</b>
0 – Geen inligting gegee oor die data wat gestoor moet word nie	1 – Slegs 'n paar items word verkeerd beskryf	2 – Baie items word beskryf met 'n paar foute	3 – Alle data wat gestoor moet word, is korrek beskryf
<b>Hardware- en sagtewarevereistes</b>			<b>2 PUNTE</b>
0 – Hardware en sagteware nie bespreek nie	1 – Hardware en sagteware word gedeeltelik bespreek vir ontwikkeling, sluit detail in oor watter sagteware nodig is vir watter taak	2 – Hardware en sagteware word volledig bespreek vir ontwikkeling, sagtewarelys sluit weergawes in	



### Stelselontwerpdokument

Met die patroon as voorbeeld moet hierdie dokument ongeveer 14 – 20 bladsye wees (met inbegrip van titelblad en inhoudsopgawe). Die hoofsaak daarvan is om besonderhede te verstrek oor die werklike ontwerpelemente van die program, naamlik:

- Gebruikerskoppelvlakontwerp (hoe die skerms lyk en wat op hulle gebeur)
- Programvloei (hoe die program werk – verbind met die koppelvlak)
- Klasontwerp (wat die klasse is, hul velde en metodes)
- Databasis/Bergingsontwerp (wat die volgehoue bergingstruktuur is)

Stelselontwerpdokument		
<b>Gebruikerskoppelvlakontwerp</b> NB: Die GUI-skerm kan in 'n sneltoepassingsontwikkelingomgewing (bv. NetBeans/Eclipse/Delphi), op papier of in 'n grafika-program soos Paint ontwerp word. Skermnabootsings is moontlik sonder om kode te skryf, dus is skermkiekies aanvaarbaar as bewys van ontwerp. Alle data wat op die skerm vertoon moet word, moet gelys word. Die aksie-elemente op die skerm moet gelys en duidelik beskryf word.		<b>8 PUNTE</b>
0 – 2 – Geen skermontwerp duidelik nie/Skermontwerp is terloops.	3 – 5 – Skermontwerp is duidelik, maar geen oorweging is gegee aan goeie ontwerpbeginsels vir 'n effektiewe GUI nie of ontoereikende beskrywing van aksie-elemente op skerm of geen aanduiding van progressie tussen skerms nie.	6 – 8 – Skermontwerp aanwesig, uitleg goed, alle aksie-elemente op skerm getabuleer en in detail beskryf. Datatoegang en foutkontrolering word aangedui vir alle aksie-elemente.
<b>Volgorde (ook bekend as Wat Gebeur Wanneer)</b> <b>In hierdie afdeling beskryf jy die vloei van gebeurtenisse in die program – die beplanning hiervan kan jou program makliker/logieser maak om te gebruik (kan jou help besluit op koppelvlakelemente soos assistente, ens.).</b> NB: Die patroon bevat vloei-diagramme. Die kandidaat kan enige algoritmiese verteenwoordiging van die volgorde van gebeurtenisse in die vloei van die program gebruik, byvoorbeeld pseudokode.		<b>5 PUNTE</b>
0/1 – Geen volgorde duidelik nie/Volgorde is elementêr of terloops met min detail en groot logikaspronge is duidelik.	2/3 – Volgorde is aansienlik, maar toon steeds logikaspronge/gebiede wat nie in toepaslike detail gedek is nie.	4-5 – Volgorde word in afdelings verdeel om alle aspekte van die funksies en kenmerke in die spesifikasiedokument te dek. Vloei is duidelik, goed aangebied en maklik om te verstaan. Geen logikagapings is duidelik nie.
<b>Klasontwerp</b> <b>Die kandidaat moet hul klasontwerp verskaf en hul keuse van klasse, velde en metodes verduidelik.</b> NB: Die patroon bevat tabelle en hierdie struktuur moet gebruik word vir die klasontwerp waar elke veld en metode verduidelik word.		<b>8 PUNTE</b>
0 – 2 – Geen klasontwerp duidelik nie/Klasontwerp is elementêr of terloops met min detail. Velde is onvolledig, metodes is minimaal/nie goed uitgedink nie/nie goed beskryf nie.	3 – 5 – Klasontwerp is aansienlik, maar toon steeds duidelike gapings in die vorm van ontbrekende velde/metodes. Metode-beskrywings deegliker, maar elemente ontbreek steeds.	6 – 8 – Klasontwerp is deeglik – alle velde en metodes is aanwesig en goed beskryf. Submetodes is aanwesig. Metodes en velde hou duidelik verband met die spesifikasiedokument.

<b>Volgehoute bergingsontwerp</b>  <b>Die kandidaat moet die bergingsontwerp verskaf.</b>  <b>NB:</b> Bergingsontwerp moet in tabelle gedoen word. Skermkiekies van tabelle met rekordstruktuur en veldtipes uit databasissagteware kan aanvaarbaar wees.			<b>6 PUNTE</b>	
0/1 – Geen bergingsontwerp duidelik nie/ bergingsontwerp is elementêr of terloops (bv. ‘gebruik ’n databasis’).	2 – 4 – Bergingsontwerp is aansienlik. Mate van rekordontwerp en beskrywing van velde is duidelik. Beskrywings is egter terloops en toon bewys dat hulle nie volledig deurdink is nie. Nie alle lêers/tabelle/verwantskappe word gedek nie.	5/6 – Rekordstruktuur word beskryf – velde word gelys, getipeer en beskryf. Datastruktuur vir teks-/getipeerde lêers word beskryf. Bergingsontwerp is toepaslik vir doel en stem ooreen met die vereistes in spesifikasiedokument.		
<b>Verduideliking van bergingsontwerp</b>  <b>Die kandidaat moet ’n verduideliking van die bergingsontwerp verskaf.</b>  ’n Tekslêer kan byvoorbeeld ’n beter oplossing as ’n databasis wees, aangesien die data wat gestoor moet word, klein in waarde en eenvoudig is. In hierdie afdeling beskryf jy die manier waarop data gestoor word sodat dit weer toeganklik kan wees wanneer die program weer gebruik word. Toepaslike berging is wat verlang word. MOENIE nasien met die oog op hoeveelheid nie. Wat ons moet sien, is dat as ’n speletjie byvoorbeeld gekodeer word, die stoor van hoë tellings en speletjies nodig is – en moontlik ander lêerhantering om toepaslike data te laai. HOEF NIE databasis te wees nie.			<b>4 PUNTE</b>	
0/1 – Geen verduideliking van berging word gegee nie of geen begrip van die bergingsontwerp word getoon nie.	2/3 – Verduideliking is aansienlik, maar word nie volledig geregverdig nie en daar is ’n paar gebiede wat verwarring of gebrek aan begrip van die implikasie van die bergingsontwerp toon.	4 – Verduideliking toon diepgaande begrip van die implikasies van die bergingsontwerp en word volledig geregverdig.		

**KODERING en Tegniese Dokumentasie**

Met die patroon as voorbeeld kan hierdie dokument enigiets van 10 tot 100+ bladsye wees, na gelang van die kompleksiteit en omvang van die kode wat die kandidaat geskryf het. Klem moet geplaas word op:

Kommentaar vir al die metodes (dit kan uit die ontwerpdocument gekopieer en geplak word)	Goeie gebruik van volgehoue berging
Skeiding van gebruikerskoppelvlak en bedryfskode	Verdedigende programmering
Kommunikasie wat getipeerde metodes (funksies) en parameters gebruik	Verwesenliking van ontwerpspesifikasies
Goeie algemene programmeringstegnieke (benoeming, inkeping, toepaslike datastrukture, ens.)	Gebruikerservaring

**KODERING NB: Dit word geassesseer deur die werklike kode te ondersoek – geen aandag hoef aan dokumentasie/uitleg/ens. gegee te word nie.**

<b>KOMMENTAAR</b>		<b>6 PUNTE</b>
